## 12. BELEID VIR DIE OPRIGTING VAN REGSENTITEITE EN/OF TRUSTS WAARIN DIE US ‘N BELANG HET OF WAARBY DIE US OP ENIGE WYSE BETROKKE IS

**Bestek:**

Die beleid verskaf die proses wat gevolg moet word ten einde goedkeuring te verkry vir die oprigting van ŉ regsentiteit of ’n trust waarin die US ŉ belang het of waarby die US op enige wyse betrokke is, sowel as riglyne vir die inligting wat verskaf moet word, ten einde die versoek te kan oorweeg.

**Beleid:**

**Proses:**

Alle versoeke vir die oprigting van ŉ regsentiteit of ’n trust waarin die US ŉ belang het of waarby die US op enige wyse betrokke is, moet aan die Direkteur: Finansiële Beplanning en Batebestuur gestuur word en wel in die formaat soos hieronder voorgeskryf. Die versoek word dan voorgelê aan die Finansieskomitee vir oorweging en aanbeveling aan die Rektor se Bestuurspan (RBS).

**Formaat en inligting:**

Alle aansoeke moet in formaat wees wat tipies die volgende elemente dek:

1. Die naam van die bepaalde regsentiteit/trust en die rede vir die benaming.

2. ŉ Kort bestuursopsomming wat die volgende uiteensit:

    - die motivering vir die oprigting van die regsentiteit/trust.
    - die wyse waarop hierdie regsentiteit/trust die vyf punt visiestelling en strategiese prioriteite en doelwitte van die universiteit sal bevorder.
    - wie is verantwoordelik vir die finansiële boekhouding van die regsentiteit/trust.
    - die redes waarom die bepaalde tipe entiteit verkies word.

3. ŉ Deeglike lewensvatbaarheidstudie wat fokus op:

    - markrealiteite
    - tegnologie ter sprake (indien nodig)
    - die finansiële lewensvatbaarheid (wat by wyse van bylaes, ondersteun moet wees met geprojekteerde state van inkomstestrome en uitgawes)

4. ŉ Sakeplan met meetbare doelwitte, en toegedeelde verantwoordelikhede/aanspreeklikhede wat duidelik aantoon hoe die beplande regsentiteit/trust bestuur sal word.

5. ŉ Aanduiding van die sleutelrisiko’s waaraan die betrokke regsentiteit/trust blootgestel is, met die gepaardgaande verantwoordelikheid vir beheer en bestuur waarvolgens die risiko’s aangespreek sal word.

6. In terme van beleid:

- Word daar voldoen word aan die Finansiële Beleid, die beleide van Afdeling Menslike Hulpbronne, die Navorsingsbeleid, die Intellektuele Eiendom Beleid en enige ander toepaslike beleide van die US.
- Is die beleide van die US van toepassing op die regsentiteit/trust.

Die Finansieskomitee besluit of die versoek aanbeveel word na die RBS vir finale goedkeuring. Geen regsentiteit/trust waarin die US ʼn belang het of waarby die US betrokke is mag gestig word sonder die goedkeuring van die RBS nie.

**Kontak afdeling**:
Finansiële Dienste